Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

1 Augustus 2022

OMSENDSKRYWE 5 VAN 2022

Aan: Alle deelnemende werkgewers en lede van die Fonds

- Deel 1: Kort oorsig
- Deel 2: 'n Meer tegniese verduideliking

BELANGRIKE WYSIGING AAN DIE VERSTEK BELEGGINGSSTRATEGIE VAN DIE FONDS

DEEL 1: KORT OORSIG

Die *Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare* is 'n deelnemende werkgewer binne die Sanlam Sambreelfonds. Die huidige lewenssiklus strategie wat fondslede volg as deel van die verstek beleggingsstrategie word die ***Sanlam Accumulation*** Portefeulje genoem. 'n Geleentheid het homself voorgedoen om die huidige lewenssiklus portefeulje te hersien toe Sanlam 'n addisionele lewenssiklus portefeulje bekend gestel het wat die ***Sanlam Wealth Creation*** Portefeulje genoem word.

Die werkgewer wat op die bestuurskomitee van die *Predikante en Amptenare Pensioenfonds* verteenwoordig is, het die twee portefeuljes met mekaar vergelyk en besluit om van die huidige portefeulje (*Accumulation*) na die nuwe portefeulje (*Wealth Creation*) te verander gebaseer op vorige beleggingsopbrengste, reëlmaat van opbrengste, die risiko aan die verlies van kapitaal en fooie.

Hierdie oorgang sal oor 'n paar dae geskied vanaf 1 September 2022 en eindig op naastenby 23 September 2022. Dit beteken dat die web vir alle transakasies (betaling van bydraes en premies) sal sluit op 30 Augustus 2022. Werkgewers word versoek om hul bydraes teen nie later nie as 29 Augustus oor te betaal eerder as om te wag tot die 5de of 6de van die daaropvolgende maand soos werkgewers normaalweg doen.

Wanneer die web weer oopmaak op naastenby die 23ste September, sal alle lede na die nuwe *Wealth Creation* Portefeulje oorgeplaas wees en kan werkgewers soos hulle gewone praktyk is, hul bydraes oorbetaal. Hierdie oorgang sal geen kostes tot gevolg hê nie en lede wat hul eie beleggingsportefeulje gekies het, sal nie hierdeur geraak word nie.

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

DEEL 2: 'n MEER TEGNIESE VERDUIDELIKING

Spaar vir aftrede binne die aftreefondsomgewing is soms ingewikkeld en selfs verwarrend vir die gewone lid. Elke deelnemende werkgewer binne die Sambreelfonds moet 'n bestuurskomitee aanstel wat uit werkgewer en werknemer verteenwoordigers bestaan en hulle staan die Sambreelfonds by met die bestuur van lede se spaar vir aftrede.

Die bestuurskomitee van die *Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare* wil alle lede inlig van die voorgenome verandering van die verstek beleggingsportefeulje gekies deur die deelnemende werkgewer.

Elke werkgewer moet 'n verstek beleggingsportfeulje hê wat gepas is vir alle lede wat daarin belê (Regulasie 28, Aanhangsel B van die Pensioenfondswet No 24 van 1956). Bykomend tot dit, mag aftreefondse die opsie aan lede bied om in portefeuljes te belê wat nie deel van die verstek portefeulje uitmaak nie.

Die reëls van die Sanlam Sambreelfonds voldoen aan die vereistes van die Pensioenfondswet en elke deelnemende werkgewer moet hiervolgens een toepaslike verstek beleggingsportefeulje van die beskikbare reeks van verstek portefeuljes kies vir al sy lede van die Fonds.

Die Sanlam Sambreelfonds bied ook lid-keuse portefeuljes soos *Allan Gray Life Global Balanced, Coronation Houseview and PSG Balanced Fund* ensovoorts. Lede wat in enige van die lid-keuse opsies belê is sal nie deur die hersiening van die verstek portefeuljes geraak word nie.
Sanlam Sambreelfonds hersien gereeld die reeks van verstek portefeuljes wat tot die beskikking van deelnemende werkgewers en lede is om sodoende te verseker dat die strategieë toepaslik en geskik bly.

Gedurende die onlangse hersiening van die verstekportefeuljes (in 2022), het die Sanlam Sambreelfonds sy reeks van verstekportefeuljes opgedateer. Bykomend tot die bestaande Sanlam Lewensskilus (multi-bestuurde strategie), *Blue* Lewenssiklus ('n in-huis bestuurde strategie deur Sanlam Beleggings) en *Passive* Lewenssiklus (SATRIX), het die trustees van die Sanlam Sambreelfonds besluit om die *Sanlam Wealth Creation* Lewenssiklus strategie (multi-bestuurde strategie) as a verstek opsie beskikbaar vir deelnemende werkgewers en lede, by te voeg.

Die werkgewer, ook verteenwoordig op die bestuurskomitee, het die bestaande verstek beleggingsstrategie (die Sanlam Lewenssiklus strategie wat in die Sanlam *Accumulation* portefeulje belê gedurende die groei fase) hersien saam met die nuwe Sanlam *Wealth Creation* Lewenssiklus strategie (wat in die Sanlam *Wealth Creation* portefeulje belê gedurende die groei fase).
Belangrik is dat beide verstek strategieë dieselfde benadering volg dat lede stelselmatig van die groei portefeulje na 'n konserwatiewe voor-aftrede portefeulje afgebou word in die jare voor normale aftree-ouderdom (risiko-verminderings glybaan). Die konserwatiewe voor-aftrede portefeulje wat deur beide strategieë gebruik word is die Sanlam *Capital Protection* portefeulje wat in die gewaarborgde Sanlam *Stable Bonus* portefeulje belê.

Die enigste verskil tussen die twee verstek strategieë is dat die Sanlam Lewenssiklus lede se fondswaardes in die Sanlam *Accumulation* gedurende die groei fase belê en die Sanlam Wealth Creation Lewenssiklus lede se fondswaardes in die Sanlam *Wealth Creation* portefeulje gedurende die groei fase belê.

Die werkgewer, ook verteenwoordig op die bestuurskomitee, het die Sanlam *Accumulation* met die Sanlam *Wealth Creation* vergelyk. Die Sanlam *Accumulation* portefeulje gebruik 'n statiese strategiese toekenning aan bate klasse (byvoorbeeld, SA aandele, effekte, geldmark, eiendom en buitelandse aandele, ensovoorts) en kies die beleggingsbestuurders wat die beste in die mark is vir

elkeen van die bateklasse. Sanlam *Wealth Creation* kies op hul beurt gebalanseerde plaaslike bestuurders wat elkeen belê in aandele, effekte, geldmark en eiendom asook 'n doelgeboude buitelandse portefeulje. Die plaaslike gebalanseerde bestuurder kan hul fonds se toedeling aan aandele, effekte, geldmark en eiendom wysig binne vooraf ooreengekome limiete. Die gevolg is dat die Sanlam *Accumulation* portefeulje daarop fokus om bo-gemiddelde langtermyn opbrengste te lewer teenoor die Sanlam *Wealth Creation* wat daarop gemik is om ook bo-gemiddelde langtermyn opbrengste te lewer maar gedagtig aan die risiko daaraan verbonde.

In sy beoordeling, het die werkgewer wat ook op die bestuurskomitee verteenwoordig is, die volgende kritiese belangrike faktore oorweeg om sodoende onderskeid tussen die twee portefeuljes te tref:

1. Die omvang van historiese opbrengste (beleggingsopbrengs)
2. Die kwaliteit van historiese opbrengste (reëlmaat van opbrengste)
3. Risiko (waarskynlikheid van die verlies aan kapitaal); en
4. Fooie.

Uit die staanspoor moet dit verstaan word dat historiese beleggingsopbrengste nie 'n akkurate voorspeller is van toekomstige beleggingsopbrengs nie. Die beleggingstoestande wat in die toekoms mag heers, kan heelwat verskil van die verlede en dat beleggingsbestuurders wat in die verlede suksesvol was, nie noodwendig so suksesvol in die toekoms sal wees nie. Nietemin, alhoewel dit die geval mag wees, word 'n meer in diepte analise van historiese opbrengste bloot gebruik om die kundigheidsvlak van individuele beleggingsgbestuurders te beklemtoon.

Die omvang van historiese beleggingsopbrengste wat behaal is deur die groei portfeuljes van die verstek lewenssiklus strategieë in die Sanlam Sambreelfonds tot 31 Mei 2022, was soos volg:

Beleggingsopbrengste vir groei portefeuljes tot 31 Mei 2022 (voor fooie)					
Sambreelfonds	**Groei portefeulje**	**Kalender JTD (%)**	**1-jaar (% p.a.)**	**3 jaar (% p.a.)**	**5 jaar (% p.a.)**
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Accumulation*	-2.2%	9.2%	10.4%	8.0%
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Wealth Creation*	-1.3%	11.7%	12.6%	9.6%

Die kumulatiewe waarde-toevoeging deur die groei portefeuljes is:



Die kwaliteit van die beleggingsopobrengste verwys na die reëlmaat waarmee die opbrengste in die verlede gelewer is. Portefeuljes wat hoër opbrengste lewer en met groter reëlmaat word verkies bo portefeuljes wat soortgelyke opbrengste lewer maar nie met dieselfde reëlmaat nie. Daarom word portfeuljes wat 1ste of 2de kwartiel beleggingsopbrengste meer gereeld lewer, verkies bo portefeuljes wat 3de of 4de kwartiel beleggingsopbrengste lewer.

Verspreiding van rollende 12 maande opbrengste van groei portefeuljes per kwartiel van 2016 tot 31 Mei 2022					
Sambreelfonds	**Groei portefeulje**	**1ste kwartiel**	**2de kwartiel**	**3de kwartiel**	**4de kwartiel**
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Accumulation*	8.3%	30.0%	26.7%	35.0%
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Wealth Creation*	28.3%	40.0%	26.7%	5.0%

Die verspreiding per kwartiel van rollende 12 maande opbrengste vir 2016 tot Mei 2022 word in die volgende grafiek getoon:



Die tersaaklike risiko maatstawwe van die Sanlam *Accumulation* en Sanlam *Wealth Creation* word in die volgende tabel getoon:

Risiko maatstawwe van groei portefeuljes vanaf 2016 tot 31 Mei 2022			
Sambreelfonds	**Groei portefeulje**	**Jaarlikse standaard afwyking**	**Skerpste waarde onttrekking**
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Accumulation*	12.6%	-17.4%
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Wealth Creation*	11.7%	-15.1%

Die toepaslike fooie van toepassing op die twee verstek beleggingsstrategieë is soos volg:

Sambreelfonds	Groei portefeulje	Fooi (% p.a.)	Voor-aftrede portefeulje	Fooi (% p.a.)
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Accumulation*	0.73%	Sanlam *Capital Preservation*	0.425% met waarborg premie van 0.90%
Sanlam Sambreelfonds	Sanlam *Wealth Creation*	Eerste R50 milj 0.95% Volgende R50 milj 0.875% Volgende R200 milj 0.70% Volgende R200 milj 0.60% Bo R500 milj 0.575% **(Effektief 0.63%)**	Sanlam *Capital Preservation*	0.425% met waarborg premie van 0.90%

Ter opsomming, terwyl dit waar is dat historiese beleggingsopbrengste nie ‘n akkurate voorspeller van toekomstige beleggingsopbrengste is nie, het die werkgewer, ook verteenwoordig op die bestuurskomitee van die *Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare* besluit om die verstek beleggingsstrategie van die huidige Sanlam Lewenssiklus strategie na die Sanlam *Wealth Creation* Lewenssiklus strategie te verander aangesien dit ‘n meer aantreklike proposisie bied gegewe die omvang en kwaliteit van beleggingsopbrengste, beleggingsrisiko en fooie van die twee verstek beleggingsstrategieë.

Die oorgang van die Sanlam Lewenssiklus na die Sanlam *Wealth Creation* Lewenssiklus is geskeduleer om geïmplementeer te wees op 23 September 2022 op ‘n sensitiewe en verantwoordelike manier met ‘n minimum van ongerief en sodat lede nie benadeel sal word nie.

Die fonds se administrasiestelsel (Sanlam *retirementfundweb*) asook die toep sal gesluit wees vir deelnemende werkgewers en lede vanaf 30 Augustus 2022 en weer oopmaak op 23 September 2022.

Lede sal geen kostes vir hierdie oorgang na die nuwe verstek strategie betaal nie.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH
PENSIOENFONDSBESTUURDER